Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* | *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 20c Price**
**Oorsee 30c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

VOL. 105] KAAPSTAD, 8 MAART 1974 / CAPE TOWN, 8 MARCH 1974 [No. 4194


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 360. 8 Maart 1974.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 11 van 1974: Ongevallewysigingswet, 1974.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 360. 8 March 1974.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 11 of 1974: Workmen's Compensation Amendment Act, 1974.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# WET

**Tot wysiging van die bepalings van die Ongevallewet, 1941, betreffende die omskrywings van „boekjaar" en „kind"; om 'n hoër maksimum verdienstegrens vir die doeleindes van die omskrywing van „werksman" te bepaal; om die leeftydsgrens van sekere persone wat geag word afhanklik van 'n werksman te wees, te verhoog; om voorsiening te maak vir die aanwending van sekere onopgeëiste gelde; om die jaar ten opsigte waarvan die kommissaris balansstate moet opmaak, te verander; om die maksimum bedrag van skadeloosstelling wat aan werksmense betaalbaar is, te verhoog; om die leeftydsgrens te verhoog waarop die pensioen wat aan sekere kinders betaalbaar is, verval; om sekere pensioene verder aan te pas; om voorsiening te maak vir die oplegging van penes aan sekere werkgewers wat versuim om ongevalle aan te gee; om voorsiening te maak vir verdere vrystelling van die betaling van aanslae; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 28 *February* 1974.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 2 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 27 van 1945, artikel 1 van Wet 36 van 1949, artikel 1 van Wet 51 van 1956 en artikel 1 van Wet 9 van 1970.

**1.** Artikel 2 van die Ongevallewet, 1941 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur die omskrywing van „boekjaar" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,boekjaar', die tydperk tussen die eerste dag van Maart van enige jaar en die laaste dag van Februarie van die daaropvolgende jaar, albei datums ingesluit;"; en

(*b*) deur die omskrywing van „kind" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,kind', 'n seun of dogter onder agtienjarige leeftyd en ook 'n onegte kind van die werksman of sy vrou, 'n nagebore kind, 'n stiefkind en 'n aangenome kind indien die kommissaris van oordeel is dat die kind werklik aangeneem is;".

Wysiging van artikel 3 van Wet 30 van 1941, soos vervang deur artikel 1 van Wet 21 van 1964 en gewysig deur artikel 1 van Wet 58 van 1967 en artikel 2 van Wet 9 van 1970.

**2.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*b*) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) persone wie se verdienste, bereken op die wyse uiteengesit in artikel 41, sewe-duisend tweehonderd-en-sestig rand per jaar te bowe gaan;".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To amend the provisions of the Workmen's Compensation Act, 1941, relating to the definitions of "financial year" and "child"; to fix a higher maximum earnings limit for the purposes of the definition of "workman"; to extend the age limit of certain persons who are deemed to be dependent upon a workman; to provide for the utilization of certain unclaimed moneys; to alter the year in respect of which balance sheets shall be prepared by the commissioner; to increase the maximum amount of compensation payable to workmen; to extend the age limit at which the pension payable to certain children ceases; to further adjust certain pensions; to provide for the imposition of penalties on certain employers who fail to report accidents; to provide for further exemptions from the payment of assessments; and to provide for incidental matters.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to* 28 *February* 1974.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly, as follows:—

Amendment of section 2 of Act 30 of 1941, as amended by section 1 of Act 27 of 1945, section 1 of Act 36 of 1949, section 1 of Act 51 of 1956 and section 1 of Act 9 of 1970.

**1.** Section 2 of the Workmen's Compensation Act, 1941 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the definition of "financial year" of the following definition:

"'financial year' means the period between the first day of March in any year and the last day of February in the following year, both dates included;"; and

(*b*) by the substitution for the definition of "child" of the following definition:

"'child' means a son or daughter under the age of eighteen years and includes an illegitimate child of a workman or his wife, a posthumous child, a step-child and an adopted child if the commissioner is satisfied that the child was in fact adopted;".

Amendment of section 3 of Act 30 of 1941, as substituted by section 1 of Act 21 of 1964 and amended by section 1 of Act 58 of 1967 and section 2 of Act 9 of 1970.

**2.** Section 3 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (2) of the following paragraph:

"(*b*) persons whose earnings calculated in the manner set forth in section 41 exceed seven thousand two hundred and sixty rand a year;".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





Wysiging van artikel 4 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 27 van 1945 en artikel 3 van Wet 51 van 1956.

**3.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (iii) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(iii) tensy die teenoorgestelde bewys word, die weduwee of kind van 'n werksman of 'n persoon vermeld in die tweede voorbehoudsbepaling by artikel 40 (1) (*c*) wat, indien hy nog nie agtien jaar oud was nie, die kind van die werksman sou wees, geag word afhanklik te wees van bedoelde werksman vir lewensbehoeftes.".

Wysiging van artikel 14 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 5 van 1951 en artikel 5 van Wet 51 van 1956.

**4.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur die woord „en" aan die end van paragraaf (*a*) van subartikel (2) te skrap;

(*b*) deur paragraaf (*b*) van genoemde subartikel deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) aandele in 'n liggaam bedoel in paragraaf (*a*) aankoop of andersins verwerf en enige aldus aangeskafte aandele vervreem; en"; en

(*c*) deur die volgende paragraaf by genoemde subartikel te voeg:

„(*c*) op die voorgeskrewe wyse onopgeëiste geld ten opsigte van Bantoes aanwend vir die algemene welsyn van Bantoes.".

Wysiging van artikel 22 van Wet 30 van 1941

**5.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die kommissaris moet rekeningboeke en ander aanverwante boeke vir die ongevallefonds en die reserwefonds hou, en moet jaarlikse balansstate tot die laaste dag van die boekjaar opmaak, wat alle nodige besonderhede van bate en laste, en inkomste en uitgawes van die fondse aantoon.".

Wysiging van artikel 38 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 27 van 1945, artikel 14 van Wet 36 van 1949, artikel 13 van Wet 51 van 1956, artikel 4 van Wet 7 van 1961, artikel 2 van Wet 58 van 1967 en artikel 1 van Wet 60 van 1971.

**6.** Artikel 38 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (1) (*a*) die uitdrukking „tweehonderd" deur die uitdrukking „tweehonderd sewe-en-veertig" te vervang; en

(*b*) deur in subartikel (4) die uitdrukking „tweehonderd" deur die uitdrukking „tweehonderd sewe-en-veertig" te vervang.

Wysiging van artikel 39 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 19 van Wet 27 van 1945, artikel 15 van Wet 36 van 1949, artikel 14 van Wet 51 van 1956, artikel 5 van Wet 7 van 1961, artikel 3 van Wet 58 van 1967 en artikel 2 van Wet 60 van 1971.

**7.** Artikel 39 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (1) die uitdrukking „tweehonderd" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking „tweehonderd sewe-en-veertig" te vervang; en

(*b*) deur in subartikel (2) die uitdrukking „tweehonderd" deur die uitdrukking „tweehonderd sewe-en-veertig" te vervang.

Wysiging van artikel 40 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 27 van 1945, artikel 16 van Wet 36 van 1949,

**8.** Artikel 40 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragrawe (i) en (ii) van die voorbehoudsbepaling by paragraaf (*c*) van subartikel (1) deur die volgende paragrawe te vervang:

„(i) die ten opsigte van 'n kind betaalbare pensioen verval wanneer die kind die ouderdom van agtien jaar bereik of sterf of trou voordat hy daardie ouderdom bereik;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Amendment of section 4 of Act 30 of 1941, as amended by section 3 of Act 27 of 1945 and section 3 of Act 51 of 1956.

**3.** Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (iii) of the proviso to subsection (1) of the following paragraph:

"(iii) unless the contrary is proved, the widow or child of a workman or a person referred to in the second proviso to section 40 (1) (*c*) who would, if under eighteen years of age, be the child of the workman, shall be deemed to be dependent for the necessaries of life upon such workman.".

Amendment of section 14 of Act 30 of 1941, as amended by section 1 of Act 5 of 1951 and section 5 of Act 51 of 1956.

**4.** Section 14 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the deletion of the word "and" at the end of paragraph (*a*) of subsection (2);

(*b*) by the substitution for paragraph (*b*) of the said subsection of the following paragraph:

"(*b*) purchase or otherwise acquire shares in any body referred to in paragraph (*a*), and alienate any shares so acquired; and"; and

(*c*) by the addition to the said subsection of the following paragraph:

"(*c*) in the prescribed manner, apply unclaimed moneys in respect of Bantu for the general welfare of the Bantu.".

Amendment of section 22 of Act 30 of 1941.

**5.** Section 22 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The commissioner shall keep books of account and other books in relation thereto for the accident fund and the reserve fund and shall prepare yearly balance sheets made up to the last day of the financial year, showing in all necessary detail the assets and liabilities and the revenue and expenditure of the funds.".

Amendment of section 38 of Act 30 of 1941, as amended by section 18 of Act 27 of 1945, section 14 of Act 36 of 1949, section 13 of Act 51 of 1956, section 4 of Act 7 of 1961, section 2 of Act 58 of 1967 and section 1 of Act 60 of 1971.

**6.** Section 38 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution in subsection (1) (*a*) for the expression "two hundred" of the expression "two hundred and forty-seven"; and

(*b*) by the substitution in subsection (4) for the expression "two hundred" of the expression "two hundred and forty-seven".

Amendment of section 39 of Act 30 of 1941, as amended by section 19 of Act 27 of 1945, section 15 of Act 36 of 1949, section 14 of Act 51 of 1956, section 5 of Act 7 of 1961, section 3 of Act 58 of 1967 and section 2 of Act 60 of 1971.

**7.** Section 39 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution in subsection (1) for the expression "two hundred" wherever it occurs of the expression "two hundred and forty-seven"; and

(*b*) by the substitution in subsection (2) for the expression "two hundred" of the expression "two hundred and forty-seven".

Amendment of section 40 of Act 30 of 1941, as amended by section 20 of Act 27 of 1945, section 16 of Act 36 of 1949,

**8.** Section 40 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraphs (i) and (ii) of the proviso to paragraph (*c*) of subsection (1) of the following paragraphs:

"(i) the pension payable in respect of a child shall cease when the child attains the age of eighteen years, or dies or marries before reaching that age;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





artikel 15 van Wet 51 van 1956, artikel 6 van Wet 7 van 1961 en artikel 4 van Wet 58 van 1967.

(ii) die kommissaris na goeddunke kan gelas dat die pensioen aan 'n kind toegeken, voortduur nadat hy die ouderdom van agtien jaar bereik het, of dat 'n dergelike pensioen toegeken word aan 'n seun of dogter wat nie 'n kind is soos in hierdie Wet omskryf nie, indien hy of sy volgens die kommissaris se oordeel weens geestelike of liggaamlike gebrek nie in staat is om 'n inkomste te verdien nie, en wel vir so lank as wat redelikerwys verwag kon geword het dat die oorlede werksman tot sy of haar onderhoud sou bygedra het;".

Wysiging van artikel 43*bis* van Wet 30 van 1941, soos ingevoeg deur artikel 17 van Wet 51 van 1956 en gewysig deur artikel 6 van Wet 9 van 1970.

**9.** Artikel 43*bis* van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die Minister kan, op aanbeveling van die kommissaris, by kennisgewing in die *Staatskoerant* beveel dat alle pensioene kragtens artikel 39 of 40 van hierdie Wet betaalbaar by die inwerkingtreding van die Ongevallewysigingswet, 1974, of daarna toegeken, ten opsigte van ongevalle wat voor die inwerkingtreding van die Ongevallewysigingswet, 1971 (Wet No. 60 van 1971), plaasgevind het, vanaf 'n datum deur die Minister bepaal, betaalbaar is asof bedoelde ongevalle plaasgevind het op die datum waarop laasgenoemde Wet in werking getree het.".

Wysiging van artikel 51 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 24 van Wet 36 van 1949.

**10.** Artikel 51 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

„(4) 'n Ander werkgewer as 'n werkgewer wat individueel aanspreeklik is, wat versuim om 'n ongeval wat 'n werksman in sy diens oorkom binne dertig dae nadat hy kennis daarvan ontvang het of daarvan te wete gekom het, op die voorgeskrewe wyse aan te gee, moet benewens enige ander straf, aan die kommissaris 'n pene betaal soos deur die kommissaris bepaal, maar van hoogstens die volle bedrag van skadeloosstelling wat betaalbaar is ten opsigte van dié ongeval: Met dien verstande dat as die kommissaris oortuig is dat die versuim onopsetlik was of te wyte was aan 'n oorsaak waaroor die werkgewer geen beheer gehad het nie, of dat betaling van die volle bedrag van die gekapitaliseerde waarde soos ingevolge subartikel (5) vasgestel, waarskynlik die insolvensie of die boedelafstand van sodanige werkgewer of, ingeval die werkgewer 'n maatskappy is, likwidasie tot gevolg sou hê, die kommissaris van die bepalings van hierdie subartikel geheel of gedeeltelik kan afsien of betaling in paaiemente of andersins soos hy mag bepaal, kan aanneem.

(5) By die toepassing van subartikel (4) omvat ,skadeloosstelling' ook die koste van geneeskundige behandeling en enige bedrag betaal of betaalbaar ingevolge artikel 40 (2), 44, 76 (2) of 86 (2), en in die geval van 'n voortdurende verpligting, ook die gekapitaliseerde waarde, soos deur die kommissaris vasgestel, van die pensioen (onverskillig of 'n enkele geldsom in plaas van die pensioen of 'n gedeelte daarvan te eniger tyd kragtens artikel 49 betaal word), periodieke uitkering of toelae wat, na gelang van die geval, die verpligting uitmaak.".

Wysiging van artikel 70 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 7 van 1961 en artikel 2 van Wet 27 van 1970.

**11.** (1) Artikel 70 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur subparagraaf (i) van subartikel (1) (*a*) deur die volgende subparagraaf te vervang:

„(i) die Staat, met inbegrip van die Parlement, die Suid-Afrikaanse Bantoetrust ingestel kragtens die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), die regering van 'n gebied wat ingevolge 'n wet 'n selfregerende gebied binne die Republiek is, 'n gebiedsowerheid ingestel kragtens die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), 'n wetgewende raad ingestel kragtens die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Na-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(ii) the commissioner may, in his discretion, direct that the pension awarded in respect of a child shall continue after he attains the age of eighteen years, or that a similar pension be awarded in respect of any son or daughter not being a child as in this Act defined, if he or she is, in the opinion of the commissioner, unable by reason of mental or physical disability to earn an income, for so long as it might reasonably have been expected that the deceased workman would have continued to contribute towards his or her support;". section 15 of Act 51 of 1956, section 6 of Act 7 of 1961 and section 4 of Act 58 of 1967.

**9.** Section 43*bis* of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection: Amendment of section 43*bis* of Act 30 of 1941, as inserted by section 17 of Act 51 of 1956 and amended by section 6 of Act 9 of 1970.

"(1) The Minister may, on the recommendation of the commissioner, by notice in the *Gazette* order that all pensions payable under section 39 or 40 of this Act at the commencement of the Workmen's Compensation Amendment Act, 1974, or awarded subsequently, in respect of accidents which happened before the commencement of the Workmen's Compensation Amendment Act, 1971 (Act No. 60 of 1971), shall with effect from a date to be determined by the Minister, be payable as if such accidents had happened on the date upon which the last-mentioned Act commenced.".

**10.** Section 51 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsections: Amendment of section 51 of Act 30 of 1941, as amended by section 24 of Act 36 of 1949.

"(4) An employer other than an employer individually liable who fails to report the happening of an accident to a workman in his employ in the prescribed manner and within thirty days after having been notified or having gained knowledge thereof, shall, in addition to any other penalty, pay to the commissioner a penalty as determined by the commissioner, but not exceeding the full amount of the compensation payable in respect of such an accident: Provided that the commissioner, if satisfied that the default was due to inadvertence or to some cause over which the employer had no control, or that the payment of the full amount of the capitalized value as determined in terms of subsection (5), would be likely to result in the insolvency or assignment of the estate of such employer or, where the employer is a company, the winding-up thereof, may waive the provisions of this subsection in whole or in part or accept payment in instalments or otherwise as the commissioner may determine.

(5) For the purpose of subsection (4) 'compensation' includes the cost of medical aid and any amount paid or payable in terms of section 40 (2), 44, 76 (2) or 86 (2), and in the case of a continuing liability, also the capitalized value, as determined by the commissioner, of the pension (irrespective of whether a lump sum is at any time paid in lieu of the whole or a portion of such pension in terms of section 49), periodical payment or allowance, as the case may be, which constitutes the liability.".

**11.** (1) Section 70 of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 70 of Act 30 of 1941, as amended by section 13 of Act 7 of 1961 and section 2 of Act 27 of 1970.

(*a*) by the substitution for subparagraph (i) of subsection (1) (*a*) of the following subparagraph:

"(i) the State, including Parliament, the South African Bantu Trust established under the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), the government of any territory which is a self-governing territory within the Republic in terms of any law, a territorial authority established under the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), a legislative council established under the Development of Self-government for

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



turellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet No. 54 van 1968), en 'n wetgewende vergadering ingestel kragtens die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet No. 21 van 1971);"; en

(*b*) deur subartikel (1A) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1A) 'n Vrystelling bedoel in subartikel (1) (*a*) (i) geld ten opsigte van 'n bepaalde gebiedsowerheid of wetgewende raad daarin vermeld slegs vanaf 'n datum wat die kommissaris ten opsigte van dié owerheid of raad na oorlegpleging met die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling bepaal, en ten opsigte van 'n wetgewende vergadering daarin vermeld, vanaf die datum waarop dié wetgewende vergadering ingestel word.".

(2) Die bepalings van subartikel (1) (*a*) met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Bantoetrust daarin vermeld, word geag op 3 Oktober 1958 in werking te getree het.

Wysiging van artikel 84 van Wet 30 van 1941, soos vervang deur artikel 5 van Wet 58 van 1967 en gewysig deur artikel 3 van Wet 60 van 1971.

**12.** Artikel 84 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die uitdrukking „tweehonderd" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking „tweehonderd sewe-en-veertig" te vervang.

Wysiging van artikel 85 van Wet 30 van 1941, soos vervang deur artikel 6 van Wet 58 van 1967 en gewysig deur artikel 4 van Wet 60 van 1971.

**13.** Artikel 85 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (1) die uitdrukking „tweehonderd" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking „tweehonderd sewe-en-veertig" te vervang; en

(*b*) deur in subartikel (3) die uitdrukking „tweehonderd" deur die uitdrukking „tweehonderd sewe-en-veertig" te vervang.

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

**14.** Hierdie Wet heet die Ongevallewysigingswet, 1974, en tree in werking, behoudens die bepalings van artikel 11 (1) (*a*) en (*b*) met betrekking tot 'n wetgewende vergadering daarin bedoel, en artikel 11 (2), op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal: Met dien verstande dat die wysigings wat deur artikels 1 (*b*), 2, 3, 6, 7, 8, 12 en 13 aangebring is, nie van toepassing is nie met betrekking tot ongevalle wat plaasgevind het voor die datum wat aldus bepaal is.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Native Nations in South West Africa Act, 1968 (Act No. 54 of 1968), and a legislative assembly established under the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act No. 21 of 1971);"; and

(*b*) by the substitution for subsection (1A) of the following subsection:

"(1A) An exemption contemplated in subsection (1) (*a*) (i) shall apply in respect of a particular territorial authority or legislative council mentioned therein only from a date determined by the commissioner in respect of such authority or council after consultation with the Secretary for Bantu Administration and Development, and in respect of a legislative assembly mentioned therein, from the date on which such legislative assembly is established.".

(2) The provisions of subsection (1) (*a*) with reference to the South African Bantu Trust mentioned therein, shall be deemed to have come into operation on 3 October 1958.

Amendment of section 84 of Act 30 of 1941, as substituted by section 5 of Act 58 of 1967 and amended by section 3 of Act 60 of 1971.

**12.** Section 84 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the expression "two hundred" wherever it occurs of the expression "two hundred and forty-seven".

Amendment of section 85 of Act 30 of 1941, as substituted by section 6 of Act 58 of 1967 and amended by section 4 of Act 60 of 1971.

**13.** Section 85 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution in subsection (1) for the expression "two hundred" wherever it occurs of the expression "two hundred and forty-seven"; and

(*b*) by the substitution in subsection (3) for the expression "two hundred" of the expression "two hundred and forty-seven".

Short title and date of commencement.

**14.** This Act shall be called the Workmen's Compensation Amendment Act, 1974, and shall, subject to the provisions of section 11 (1) (*a*) and (*b*) with reference to a legislative assembly mentioned therein, and section 11 (2), come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*: Provided that the amendments effected by sections 1 (*b*), 2, 3, 6, 7, 8, 12 and 13 shall not apply with reference to accidents which occurred prior to the date so fixed.